**Dit is waar: Elkeen wat oorwin, sal dit alles beërwe**

**Openbaring 21:5-7**

**24 Januarie 2021**

1. Vantevore uit Op 21: God maak die aarde en die hemel nuut. Die bruid kom woon op hierdie nuwe aarde, en God kom by hulle woon. Hy sal hulle God wees, en hulle sal Sy volke wees.
2. In verse 5-8 is God self aan die woord. Hy is die Een wat op die troon sit (Op 4).
3. Kyk, Ek maak alles nuut (vers 5)
    a. God is besig om alles nuut te maak
    b. Dit sluit die skepping in (vers 1)
    c. Dit sluit gelowiges in (2 Kor 3:18, 4:16-17, 5:17-18)
4. Skryf hierdie dinge op, want hulle is betroubaar en waar (vers 5)
    a. Op 19:9 – na beskrywing van die bruilofsmaal van die Lam
    b. Op 21:5 – beskrywing van die nuwe hemel en aarde
    c. Op 22:6 – na beskrywing van die nuwe Jerusalem
5. Dit het klaar gebeur (vers 6)
    a. Joh 19:30 – "Dit is volbring" – na oorwinning oor Satan aan die kruis
    b. Op 16:17 – "Dit is verby" – finale oordeel met uitgiet van die sewende bak
    c. Op 21:6 – "Dit het klaar gebeur" – koms van nuwe hemel en aarde
6. Ek is die Alfa en Omega, die Begin en die Einde (vers 6)
7. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein van die lewe, verniet (vers 6)
    a. Jes 49:10, 55:1
    b. Op 22:1
8. Elkeen wat die oorwinning, behaal sal dit alles kry (vers 7)
    a. Ons sal beslis die erfenis ontvang
        i. Ons ontvang van God die water van die lewe verniet
        ii. Ons name is in die boek van die lewe. Jesus verklaar voor die Vader ons behoort aan Hom (Op 3:5)
        iii. Ons is gevrywaar van die tweede dood (Op 2:11)
    b. Ons sal die erfenis vir altyd besit
        i. Ons mag gereeld eet van die boom van die lewe (Op 2:7, 22:2, Gen 3:22)
        ii. Ons ontvang verborge manna (Op 2:17)
        iii. Ons mag drink van die water van die lewe (Op 21:6, 22:1)
    c. Ons sal gemeenskap met God hê
        i. Ons ontvang 'n spierwit klippie met 'n nuwe naam daarop (Op 2:17)
        ii. Ons ontvang die Morester, i.e. Jesus (Op 2:28, 22:16)
        iii. Ons ontvang wit klere (Op 3:5
        iv. Ons is 'n pilaar in God se tempel, en God se Naam, Jesus se nuwe Naam en naam van die nuwe Jerusalem is op ons geskryf (Op 3:12)
    d. Ons gaan heers
        i. Ons sal mag en gesag oor die nasies hê (Op 2:26)
        ii. Ons sal saam met Jesus op die troon sit (Op 3:21)
        iii. Ons sal tot in ewigheid regeer (Op 22:5)
        iv. Mens het heersersrol sedert skepping (Gen 1:28, Ps 8:4-9) – maar tans heers die mens nie effektief nie
        v. Word herstel deur Jesus se oorwinning (Heb 2:5-9)